# Lesing 14.08.2018 - Lesing 12 - Die verskillende menserasse en hulle uiteindelike doel

Huishouding van Elohim - Boek 1

**Hfs 19:[20]** O, jou blindheid sal duur tot aan die einde van alle tye, bring my (**Abel**) dan daarheen as `n onskuldige slagoffer, en doen aan my volgens jou (**Kain**) boosaardigheid in en om jou, sodat jou slang as `n ewige leuenaar bestempel sal word, en jy hierna self mag ervaar wie van ons twee bedrieërs is!

[28] Nadat hulle nou by die plek aangekom het waar die slang op Kain gewag het, die plek waar Kain se bose opset vorm gekry het, het hy die hande en voete van Abel gebind, het hom op die grond gegooi, `n **groot klip geneem en die kop van Abel daarmee verpletter**, sodat sy bloed en sy harsings wyd oor die aarde gespat het.

Kain se vervloeking en sy vlug

**Hfs 20:01** En sien, toe trek daar van alle kante af swart wolke saam bokant die kop van Kain, en groot weerligte het na alle rigtings geslaan, begelei deur sterk donderslae; en dit het begin om te woed van alle kante af, en hewige warrelwinde het groot massas hael oor die vrug belaaide lande gestort en dit tot in die grond vernietig en dit was die eerste hael wat vanaf die hemele op die aarde gegooi is, die hael was `n teken van die Liefde sonder erbarming, aangesien die Godheid in Haar van nuuts af beledig was deur die misdaad van Kain op sy broer Abel.

[02] Die besoedelde Kain het in sy hut gevlug, en het sy vrou bewend op die grond gevind en sommige van sy meesal ongeseënde kinders, soos dooies langs haar. Hierop het hy groot geskrik en het die slang gevloek, en uit die hut gekruip, die klip gevind wat die vlugtende slang voor sy deur geplaas het, aangesien hy daaroor geval en hard op die aarde neergeslaan het, en weereens het hy die boosaardigheid van die slang, en die klip wat die dood gebring het, vervloek.

[03] Hy het weer opgestaan met sy lyf vol pyn, het na die oewer van die nabye rivier gegaan om die vervloekte slang op te soek, te vernietig en dood te maak.

[04] Kain het by die wal van die oewer aangekom en sien toe `n afskuwelike ongedierte, 666 elle lank, 7 elle breed en hoog, toegerus met tien koppe wat stroomop na hom toe swem en sien ook, hoe daar op elke kop tien horings nes `n kroon uitgegroei het.

[05] En kyk, toe hierdie verskriklike slang nou in sy nabyheid was, praat sy uit al tien koppe gelyktydig en sê: "Jy sterk Kain, moordenaar van jou broer Abel, as jy lus is om met my te baklei, begin dan met jou verwoestende werk!

[06] Voorheen in die gras, toe ek nog swak was, kon jy my wel verskeur, my vlees en bloed opeet; maar nou sal `n soortgelyke taak by my nie slaag nie, want die goeie kos wat jy vir my voorberei het van die bloed van jou broer, het my groot en sterk gemaak. En nou, indien jy my wil vernietig, begin dan om jou wraak met my bloed te voed. Maar aangesien jy net tien vingers en nie tien hande het nie, en daarom nie al die koppe gelyktydig kan bykom nie, sal die oorblywende agt jou met hulle horings verpletter en jou opeet met hulle agt bekke!"

[[18] En sien, toe spreek JaHWeH uit die wolke: "Kain! Waar is jou broer Abel, - waarheen het jy hom gelaat?"

[19] Maar Kain het hom reggeruk, deur na die slang op die grond te kyk en gesê: "Waarom vra U my dit? **Is ek my broer se hoeder?"**

[20] En die stem van JaHWeH spreek heftiger as vantevore: "Die bloed van jou broer, waarmee jy die aarde deurdrenk het, skreeu tot My! Ek het jou daad gesien; waar is Abel, jou broer?"

[21] En Kain sê: "Meester, my sonde is so groot, dit kan nooit meer vir my vergewe word nie!"

[22a] "Ja", sê JaHWeH, "daarom sal die aarde wat Abel se bloed verslind het, vervloek wees;

[22b] En wanneer jy in die toekoms `n akker daarop sal maak, sal dit aan jou geen brood meer gee nie, en jy sal voortaan rusteloos en gejaagd soos `n verskeur-ende dier dakloos rondswerf en jou voed met dorings en dissels!"

[23] Toe het Kain geweldig geskrik en met `n bewende stem gesê: "Meester, U Allerregverdigste, sien, U dryf my vandag uit hierdie land, en ek moet vlug voor U aangesig en sonder rus voortvlugtig wees op die aarde. Met my, arme swakkeling, sal dit so gaan, sodat dié een wat my sal vind, my sal doodslaan; betoon daarom barmhartigheid teenoor my, terwille van my familielede!"

[24] En sien, toe sê JaHWeH. "Nee, niemand sal vir Kain doodslaan nie, - maar wie vir Kain sou doodmaak, sal self sewevoudig doodgemaak word! Sodat niemand hom aan jou sal vergryp nie, sal ek jou op **die voorkop met `n swart vlek merk,** sodat niemand vir jou meer sal herken en doodslaan nie."

[25] En sien, toe vlug Kain met sy familielede uit My aangesig tot ver anderkant Heden (Eden) na `n laagliggende land Nod.

[26] Hy het verder gevlug in die rigting van die oggend en by `n groot vlakte aangekom; uitgeput het hy neergeval en vir drie dae en nagte aanmekaar geslaap. `n Sterk wind het van die berge af opgekom en die slapendes wakker gemaak. Die wind het met `n gier en loei oor die wye vlaktes, en het uiteindelik in die laagtes van die land gaan lê, wat daar "Nod" of "droë bodem van die see" genoem word.